

1 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 19:5-10

Fokusgedeelte: Lukas 14:15-24 (NAV)

Geseënd is hulle...

Die bruilof van die Lam breek aan wanneer Jesus Christus op die wolke kom en ons, sy kerk, finaal by God sal wees. In hierdie visioen is Jesus Christus die Bruidegom en sy kerk die bruid. Ons lewe nou in die tyd voor die finale bruilofsfees. Hierdie is 'n tyd van voorbereiding.

In die Bybelse tyd was 'n verlowing wat die huwelik voorafgegaan het 'n baie ernstige en bindende, formele ooreenkoms. Albei ouerpare het bymekaargekom en daar is ooreenkomste aangegaan en 'n bruidskat is bepaal. Die huweliksfees het enigiets van sewe tot veertien dae geduur.

Ons weet dat ons deur God duur gekoop is vir die komende bruilof. Christus het ons met sy bloed gekoop. Daardeur het Hy die bruidskat aan God die Vader betaal. Die kerk is dus nou as't ware aan Christus verloof. Dit beteken ons moet ons gereed maak vir die bruilof deur regverdig te lewe. Dit is om Jesus Christus lief te hê en vir Hom te lewe. Hierdie genade om regverdig te lewe, is deur Jesus Christus vir ons moontlik gemaak. Dit is dus so belangrik dat ons elke dag biddend, deur Jesus Christus, ons sal voorberei vir die ewige bruilof.

"Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is." Ons word kragdadig GEROEP na die bruilofsmaal. Ons word nie ontbied nie, maar geroep. So word hulle wat geroep is, geseënd genoem nog voordat die bruilof aangebreek het. Ons is deur God geseën in Jesus Christus nog voordat die finale bruilofsdatum aangebreek het.

Die bruilof is om ewig by God te wees – 'n feesvreugde wat ons nie in menslike taal kan beskryf nie. Die bruilofsfees sal 'n heerlijkheid wees wat vir ewig sal duur. Trek dus nou die fyn klere aan, dit is die regverdige dae in Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 8:1,2,8 Ds GS Kruger (Centurion)

2 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-22:5

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3-9 (NAV)

Die helfte is ons nog nie vertel nie!

Die koningin van Skeba het gehoor van Salomo se wysheid en rykdom en aansien en die lang lewe wat God aan hom beloof het. Sy gaan besoek hom dus. Haar reaksie op haar besoek aan Salomo was (1 Kon 10:7): "Nou weet ek dat nie eers die helfte vir my vertel is nie!"

Dieselfde verwondering moet daar by ons wees as ons van die Nuwe Jerusalem praat. Hierdie stad wat met edelstene en goud gebou is, is die kerk van die Here. Die bedoeling is nie 'n letterlike stad met mure en geboue nie. Johannes skryf visioenêr van 'n simboliese stad. Sommige mense wil 'n letterlike, fisiese stad sien wat êrens tussen